

## WERKKAART

### Restaurant-etiket

#### Bl. 66-70

**Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.**

Chris en Sky gaan vir hulle eerste afspraak na 'n deftige restaurant toe. Hulle sien baie uit as 'n paartjie om vir die eerste keer op 'n afspraak te gaan. Chris moet die bespreking doen by die restaurant maar hy het nie geweet dis so 'n belangrike aspek vir besprekings nie asook hoe om dit korrek te doen nie. Chris en Sky is nog skrikkerig oor hoe die tafel gedek is en wat as gedoen kan en mag word, hulle het navorsing gedoen hoe jy aan tafel moet eet by so 'n restaurant maar is nog nie baie ingelig met al die moet en moenies.

1. Verduidelik aan Chris drie riglyn wanneer dit kom by besprekings. (3)
2. As mens kyk na die kelners en kelnerinne wat in deftige restaurant werk, hulle moes opleiding doen om te kom waar hulle is. Gee vir Chris riglyne hoe hy hierdie personeel moet hanteer. (4)
3. Met 'n sket, teken hoe 'n formele ete se tafel gaan lyk, deur gebruik te maak om die borde, messe, vurke, lepels en ook die glase en servette op die regte plekke in te teken. (10)
4. Benoem 5 reëls vir Chris en Sky van dekplek van 'n formele ete dat hulle dit sal verstaan. (5)
5. Hoe om jou servet te plaas en wat om daarmee te doen is ook 'n belangrike faktor by 'n deftige restaurant. Gee drie riglyne aan Chris en Sky sodat hulle ingelig bly. (6)

As mens kyk na tafel-etiket, kyk mens na bediening van voedsel, eetmaniere en ook tafelmaniere. Die is belangrike faktore om te weet en te volg, veral as jy genooi word na 'n deftige ete by iemand se huis.

6. Van watter kant af word borde bedien en verwyder? (2)
7. Wanneer jy iets aan 'n anderkant van die tafel soek, wat moet jy doen om dit in die hande te kry? (1)
8. Wat moet nie gebruik word om op te skep nie? (1)
9. Mens kry eetmaniere wat mens moet volg om beskaaf te wees as mens by iemand anders gaan eet. Benoem 5 eetmaniere wat mens moet toepas. (5)
10. Saam met eetmaniere is tafelmaniere ook. Noem drie tafelmanier wat volgens jou baie belangrik is om toe te pas. (3)

Algemene sosiale etiket is belangrik om te weet om nie jouself in die verleentheid te stel nie, en ook om jouslef ingelig te hou van wat jy moet doen as jy genooi is vir 'n ete of ook as jy iemand nooi vir 'n ete by jou huis.

11. Noem enige ses algemene riglyne vir sosiale etiket, wat belangrik sal wees om te weet. (6)

Wanneer mens uiteet weet mens nie altyd hoe om dalk 'n spesifieke voedselsoort te eet nie. Dit is belangrik om te weet hoe om daai voedselsoorte te eet dat mens ordentlik lyk en nie skaam voel nie.

12. Kyk na die onderstaande voedselsoorte en verduidelik die regte manier om die voedselsoort te eet.

- 12.1 Hoender (2)
- 12.2 Aartappelskyfies (2)
- 12.3 Sop (3)
- 12.4 Pasta (4)